SA B&C TOERNOOI/ TOURNAMENT

19–23 February 2018
Jukskeipark, Kroonstad

SA SENIOR KAMPIOENSKAP/ CHAMPIONSHIP

31 March–5 April 2018
Jukskeipark, Kroonstad

NAMIBIESE KAMPIOENSKAP/ NAMIBIA CHAMPIONSHIP

28 April–4 May 2018
Stampriet, Namibia

Stuur asb jou stories aan:

Please send your stories to:

Daleen.roos@jukskei.co.za

President JSA
Nuwe Jaarsboodskap

Middernag, 31 Desember 2017, die einde van een jaar en die begin van 'n nuwe jaar. Eintlik nie veel verskillend van middernag op enige ander dag nie.

'n Nuwe dag, Nuwe week, Nuwe maand of Nuwe jaar – wat beteken dit regtig behalwe dat dit die verloop van tyd aandui en dat ons almal ouer word.

Tog is hierdie 'n tyd van die jaar waar meeste van ons terugkyk en reflekteer op alles wat gebeur en verander het in die vorige jaar en wonder wat die toekoms vir ons gaan inhou met alles wat om ons verander teen 'n al vinniger tempo en het ons baie min beheer oor hierdie veranderinge.

Gavin Sharples, 'n bekende motiveringspreker in Suid Afrika, bied werkswinkels aan vir organisasies waar hulle verandering, innovering en skepping bespreek.

Hulle reken dat as jy of jou organisasie nie besig is om te verander, te innoveer of iets te skep nie, is jy of jou organisasie besig om dood te gaan.

Die enigste konstante in die lewe is verandering! As jy nie besig is om te verander nie is jy besig om agteruit te gaan.

President JSA:
New Year Message

Midnight, December 31, 2017, the end of a year and the start of a new year. Not really much different from midnight on any other day.

A New Day, New Week, New Month or New Year - What does it really mean other than showing that over time we all grow older.

Yet this is a time of the year where most of us look back and reflect on everything that has happened and changed in the previous year, and wonder what the future will hold for us with everything that changes at a faster rate, and we have very little control over these changes.

Gavin Sharples, a well-known motivational speaker in South Africa, offers workshops for organizations where they discuss change, innovation and creation. They believe that if you or your organization are not changing, innovating or creating something, you or your organization are dying.

The only constant in life is change! If you are not changing, you are actually moving backwards.

Verandering is nie iets waaroor ons moet praat nie, dit is iets wat ons moet doen om aan te pas in ons wêreld wat daagliks teen 'n al vinniger tempo verander.
Verandering, Innovering en Skepping is die fondasie van 'n suksesvolle persoon of organisasie. Die aard van die heelal en ook die lewe self is konstante verandering.
Ons as mense word gekondisioneer om ons uitkyk op die lewe, ons potensiaal en geloofstelsel te beperk tot dit wat moontlik is. Organisasies word opgemaak uit ons as mense en as ons as mense nie verander nie, is dit bykans onmoontlik vir organisasies om te verander.
Daar is twee tipes mense:

- Die eerste tipe is mense wat nie wil verander nie en enigiets sal doen om verandering te stuit.
- Die ander tipe is die mense wat verandering verwelkom en ambassadeurs vir verandering word.

Een van die grootste struikelblokke vir verandering is persone se houding; en vir organisasies – hoe om die houding van persone in organisasies te verander om verandering positief te beleef en te ervaar.
Jukskei is nie immuun teen verandering en die uitdagings wat verandering in die wêreld vir ons as jukskeispelers en as organisasie bring nie.
Die tegnologiese, ekonomiese en politieke veranderings in die wêreld om ons, het 'n groot impak op Jukskei as sport.
My wens vir alle Jukskeispelers, administrateurs en beamptes vir 2018 is, dat ons die ambassadeurs vir verandering sal word binne jukskei, asook in ons persoonlike lewens om te verseker dat jukskei as sport sal voortbestaan vir ons kinders en kleinkinders en dat elkeen van ons ook as persone suksesvol sal wees op alle vlakke van ons lewe!
Mag 2018 die jaar wees waar elkeen van julle kies om die dinge te doen wat vir jou geluk gaan bring. Verander wat jy wil verander wat binne jou vermoë is en laat iemand anders wakker lê oor die dinge waaraan jy niks kan verander nie.

Voorspoedige 2018!

Nico Nel
President, JSA

Change is not something we should talk about, it's something we need to do to adapt to our world, which changes at an ever faster pace.
Change, Innovation and Creation are the foundation of a successful person or organization. The nature of the universe and life itself is constant change.

We as human beings are conditioned in our outlook on life to limit our potential and belief system to what is possible. Organizations are made up of we as people, and if we as people do not change, it is virtually impossible for organizations to change.

There are two types of people:

- *The first type is people who are not willing to change and will do anything to stop change.*
- *The other type is people who welcome change and become ambassadors for change.*

One of the biggest obstacles to change is people's attitude; and for organizations - how to change the attitude of people in organizations to positively experience change.

Jukskei is not immune to change and the challenges that bring changes in the world to us as Jukskei players and as an organization.
The technological, economic and political changes in the world around us have a major impact on Jukskei as sport.
My wish for all Jukskei players, administrators and officials for 2018 is that we will be the ambassadors for change within jukskei as well as in our personal lives to ensure that Jukskei continues to be a sport for our children and grandchildren, and that everyone of us, as people, will be successful at all levels in our lives!

May 2018 be the year where everyone of you choose to do the things that will bring you happiness. Change what you want to change within your ability, and let someone else lie awake about the things that you cannot change.

Prosperous 2018!

Nico Nel
President, JSA

'You can do anything, but not everything.
David Allen

Toernooidirekteur
SA Junior Kampioenskap

My Eerste SA Junior Kampioenskap as Toernooidirekteur!

2017 SA Junior Kampioenskappe sal verseker 'n Kampioenskap wees wat ek nooit sal vergeet nie. Al die lag, warm son en dan praat ek nie eers van die 'colour run' nie.

Aanvanklik het ek nie 'n idee gehad waarvoor ek myself inlaat toe ek die posisie van Junior Toernooi Direkteur aanvaar het nie. Dit was en is in sekere aspekte nog steeds 'n bietjie oorweldigend vir my om te dink dat ek die geleentheid gegun is om deel te kan wees van so 'n wonderlike ervaring.

Die aanloop na die Kampioenskap was vir my senutergend. Ek het nie n benul gehad wat om te verwag nie. Ek meen, 'n mens daag net altyd by die Junior Kampioenskap op as 'n speler, afrigter of beampte en alles is in plek en alles verloop seepglad. Maar noudat ek 'n bietjie meer 'inside info' het, kan ek julle belowe ons span werk baie hard agter die skerms om alles gereed te kry. En by span bedoel ek ons wat probeer bybly met al die reëlings wat spoedig in plek moet val soos beplan deur Nico Nel en Karien Marais :-).

Met die aanbreek van die Kampioenskap, was dit vir my in n oogwink verby. 'n Oogwink wat seker gemaak het dat my babawalvislyfie seer het vir nog 'n hele week na afloop daarvan. As ek al die harde werk, laat aande en swaar toerusting se rondra in twee woorde moet opsom, kan ek aan geen ander woord dink as 'BOOT CAMP' nie.

Die ervaring was ongelooflik lekker en ek het elke oomblik daarvan geniet. Maar as ek gespaar word sal julle defnitief 'n meer slanker EK met die volgende Kampioenskap sien, veral as daar weer n 'colour run' is.

Ek hoop elkeen het die kampioenskap so baie soos ek geniet. Ek sien baie uit daarna om julle almal ook weer by die 2018 SA Junior Kampioenskappe te sien.

Maurise Grobler



Tournament Director
SA Junior Championship

My First SA Junior Championship as Tournament Director!

2017 SA Junior Championships will definitely be a Championship I'll never forget. All the laughs, hot sun, and not to mention the 'colour run'.

Initially, I did not have an idea what I let myself in for when I accepted the position of Junior Tournament Director. It was and is in some respects still a bit overwhelming for me to think that I have the opportunity to be part of such a wonderful experience.

The run-up to the Championship was nervewrecking for me. I had no idea what to expect. I mean, one always attend the Junior Championship as a player, coach or official and everything is in place and everything runs smoothly. But now that I have a little more inside info, I promise you our team works very hard behind the scenes to get everything ready. And by team I mean those who try to keep up with all the arrangements planned by Nico Nel and Karien Marais that must quickly fall into place :-).

With the beginning of the Championship, to me it was over in a flash. A blink of an eye that ensured that my baby whale-like body suffered for another week after its end. Reflecting on all the hard work, little sleep and carrying around heavy equipment, I can not think of a better word than 'BOOT CAMP'.

The experience was incredibly wonderful and I enjoyed every moment. Should I be spared for another year, you will definitely see a much slimmer me with the next Championship, especially if there is another colour run.

I hope everyone enjoyed the championship as much as I did. I look forward to seeing you all again at the 2018 SA Junior Championships.

Maurise Grobler

Skeidsregter
SA Junior Kampioenskap

Die Juniors maak dit moeilik vir die Skeidsregter!

Die skeidsregter word geroep:
"Oom Dirk, ons wil die pen steek, maar daar is iets onder die sand waar die pen moet staan. Ons moet die pen reg steek, want ons is besig om lê's te gooi."

Op my knieë vroetel ek onder die sand en kom toe agter dat daar 'n pen onder die sand toegegooi is sonder dat enige van die twee spanne dit besef het.

Die oplossing:
Ek het 'n slootjie gegrawe en die pen na regs uitgetrek sonder dat daar enige stoornis plaasgevind het. Die pen kon toe op sy plek gesteek word!



Umpire
SA Junior Championship

The Juniors make it difficult for the Referee!

The referee is called:
"Oom Dirk, we want to place the peg correctly, but there's something under the sand where the peg should stand. We have to place the peg correctly as we are busy throwing lays."

On my knees, I fiddled under the sand and realized that a peg was hidden under the sand without any of the two teams realizing it.

The solution:
I dug a ditch and pulled the peg to the right without any disturbance. The peg could then be put in its place!

Provinsiale Toernooie / *Provincial Tournaments*

Vrystaat Interprovinsiale Toernooi
Free State Inter Provincial Tournament
Datum/*Date*: 27 Jan 2018
Plek/*Venue*: Bloemfontein
Tyd/*Time*: 07:30
Deelnemende Spanne/*Teams participating*
Eastern, Southern and Northern Free State and Northern Cape

Wes Kaap MP Prinsloo Toernooi
Western Cape MP Prinsloo Tournament
Datum/*Date*: 3 Feb 2018
Plek/*Venue*: Beaufort Wes/West
Tyd/*Time*: 07:15
Afdelings/*Divisions*: A, B, C, D
(Gemengde spanne—Distrik of Provinsiaal)
(Mixed teams—District or Provincial)
Kontak/*Contact*: wkjf@telkomsa.net

Provinsiale Toernooie / *Provincial Tournaments*

KZN Leon Lombard Toernooi
KZN Leon Lombard Tournament
Datum/*Date*: 3 Feb 2018
Plek/*Venue*: Richardsbaai/Bay
Tyd/*Time*: 08:00

The best and most beautiful things in the world cannot be seen or even touched—they must be felt with the heart.

Helen Keller

DIE AGTERBLAD

SA Junior Kampioenskap—Colour Run

THE BACKPAGE

SA Junior Championship—Colour Run